

Kwanalu Jaarverslag

2011

Alan Patonlaan 87
Scottsville
Pietermaritzburg 3201
Posbus 100123
Scottsville 3209

Tel: 033 - 342 9393
Fax: 033 - 345 7141
e-pos: director@kwanalu.co.za
Website: www.kwanalu.co.za

The voice of Agriculture
Die stem van Landbou
Izwi Lezokulima
in KwaZulu-Natal



**Verslag van
die President**
deur Robin Barnsley

As volk leef ons in uitdagende tye; ons hanteer baie van hierdie uitdagings egter nie vreeslik goed nie.

'n Onafhanklike oorsig oor ons land dui daarop dat ons, in ons pogings om besigheid te doen, die volgende sleutel-uitdagings in die gesig staar:

- 'n Arbeidsmag sonder genoegsame opleiding, tesame met swak werkssetiek in die nasionale arbeidsmag, wat op sy beurt verband hou met beperkende arbeidsregulasies en gepaardgaande pogings deur die Regering om dit verder te verstewig;
- Misdaad en diefstal;
- Korruptsie;
- Probleme om toegang te verkry tot onder andere, finansiering.

'n Ondoeltreffende regeringsburokrasie staan loshande bo-aan hierdie lys.

Terwyl hierdie faktore in alle sektore van ons nasionale ekonomie inslag vind, is dit 'n betwisbare feit dat dit wil voorkom asof die landbousektor tot 'n groter mate daardeur beïnvloed word.

Die afgelope jaar was 'n voortsetting van die ontsettend ontoereikende wyse waarop die grondhervormingsproses bestuur word. Die "byna jaarlikse" lys van aantygings oor die gedrag van wit kommersiële boere duur voort in 'n poging om die voorgestelde implementering te regverdig van bykomende maatreëls wat, soos die Regering beweer, die grondhervormingsproses sal verhaas.

Dit sluit in:

- Hersiening van die beginsel van 'n gewillige koper, gewillige verkoper.
- Die totstandkoming van 'n kantoor van die Waardeerder-Generaal.
- 'n Beperking op die aantal hektaar wat deur kommersiële boere besit mag word.
- 'n Reg van eerste weiering ten gunste van die Regering as landboueiendom verkoop word.
- Beperkings op besitreg van grond deur buitelanders.
- Die totstandkoming van 'n nuwe kantoor van die Grondkommissaris.

Geborg deur:

Mutual & Federal Agri

Wat verswyg word, is dat die ontsettende wan-administrasie van die grondhervormingsproses deur die Regering die grootste oorsaak is van die mislukking van die grondhervormingsproses. Die Regering se mislukking sluit veral in, waarop hierbo gesinspeel word, wan-administrasie en korrupte aktiwiteite van regeringsamptenare, om nie te praat van swak begrip van beleid, wat nie kan lei tot die bereiking van verklaarde doelwitte nie.

Tragies soos dit vir almal van ons is, lê die oplossing klaarblyklik in die verdere sentralisasie van mag in die hande van die regeringsburokrasie – 'n burokrasie wat reeds deur onafhanklike navorsing geag is as die enkele grootste struikelblok vir die doen van besigheid in ons land!

Dit sal dwaas wees om te ontken dat grondeienaars geheel en al onskuldig is aan die aantygings teen hulle, maar dit is ook waar dat die doeltreffendste manier om hulpbronne toe te wys, op die vrye mark is. Al wat deur voortdurende inmenging deur die Regering bereik kan word, is 'n wan-toewysing van hulpbronne en 'n voortgesette afname in die doeltreffendheid van voedselproduksie in Suid-Afrika.

Alhoewel daar tot dusver slegs kritiek uitgespreek is, was Kwanalu altyd en sal dit verbind bly tot 'n produktiewe toekoms vir ons sektor en sal dit voortgaan om by vooruitstrewende organisasies in te skakel ter verbetering van ons sektor, ekonomie en samelewing.

Meer kommerwekkend by die skrywe hiervan, is die klaarblyklike gewilligheid van die Regering om, sonder teregwyding of regstelling, aanhoudende bedreigings deur partye wat in self-belang optree, toe te laat aan eiendomsregte soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Herhaalde versekeringsdeur senior regeringsvertegenwoordigers rakende die waarde wat geplaas word op die voortgesette krag van die kommersiële boerderysektor, help nie veel om 'n reeds wankelende vertroue te herstel, wanneer radikale afbrekende verklarings oor die persoonlike kwaliteite van boere en veral wit boere, so vrylik gemaak word nie. Dit is belangrik om te weet dat die boere met wie ons geassosieer word, oor die algemeen toegewyde Suid-Afrikaners is wat deeglik bewus is van die uitdagings in die verlede, hede en toekoms en wat uitsien na 'n sekere en produktiewe toekoms in ons land.

Hier is dit belangrik om ons standpunt bekend te maak oor die klaarblyklike uitvoer van boerdery-kundiges na anderkant ons noordelike grense. Hierdie verplasing van talent, wanneer boere besigheidsgeleenthede in ander lande opvolg, is oor die algemeen nie 'n gevolg van die onttrekking van besigheidsbelange in Suid-Afrika nie, dit word oor die algemeen deur hulle gesien as 'n geografiese verspreiding van hulle besigheidsbelange. Dit sê baie oor die kwaliteit en vermoë van die boere in Suid-Afrika dat hulle eerstens, sulke uitdagings aanvaar en tweedens, dat hulle so gereedlik aanvaar word as beleggers in die landbousektor in ander lande.

Om besigheid in ander lande te doen, hou baie uitdagings in en daarom het AgriSA, by wie ons geaffilieer is, reeds 'n organisatoriese struktuur, bekend as AgriAfrica, op die been gebring. Dit baan die weg vir en verseker voortgesette en breër samewerking tussen boere regoor die streek en landsgrense.

Terselfdertyd, moet hierdie neiging dien as 'n tydige en goedbedoelde boodskap aan die Regering oor die beweeglikheid van kapitaal en kundigheid, wat die behoefte aan 'n stabiele omgewing ten opsigte van beleid en toekomstige voornemens versterk.

Misdaad het steeds 'n beduidende uitwerking op die sektor en ons kan die honderde miljoene Rand wat veediefstal en die sogenaamde kleiner diefstal wat die sektor elke jaar duur te staan kom, skaars bekostig. Genadiglik het geweld teen boere en plaasbewoners, volgens ons Sekuriteitslessenaar, gedurende die afgelope twaalf maande 'n afname getoon. Dit is so die verlamende effek wat selfs een voorval van geweld op 'n plaas op die algemene vertrouensvlakke het. Daarom is dit

belangrik dat ons as 'n unie 'n leierskapsposisie inneem in ons stryd teen hierdie teistering.

Die positiewe en pro-aktiewe benadering van ons personeel en leierskorps en veral die Kwanalu Sekuriteitslessenaar, word deur 'n groot aantal rolspelers erken met positiewe gevolge en 'n gevolglike geleentheid vir ons om met die owerhede en besluitmakers in die Regering en die veiligheidsmagte gesprek te voer. Ons is baie dankbaar vir die geleentheid daargestel deur veiligheidsmagte en politieke ampsdraers om deel te neem aan en gesprek te voer in gevestigde strukture. 'n Aantal strukture is daargestel om die voorkoms van veediefstal, algemene kriminele oortredings en tans veral van belang, die voortdurende en verregaande diefstal van metaal en koperkabels hok te slaan.

Ons is uiters dankbaar vir die werk wat die Nie-Yster Werkgroep, wat deur die SAPD op die been gebring is, doen, maar die feit bly staan dat ons die stryd teen metaaldieftal verloor, met die gevolglike aftakeling van die telekommunikasienetwerk waarop ons vir baie jare reeds staatmaak en wat al hoe belangriker vir ons word, aangesien meer en meer produsente vertikaal by die waardeketting inskakel.

Met die skryf van hierdie verslag, kan Telkom, sover dit hulle reaksie en buigzaamheid ter oplossing van hierdie probleme aangaan, net sowel nie bestaan nie. Dit maak die pad oop vir vlugvoetige en kreatiewe verskaffers om munt te slaan uit Telkom se klaarblyklike traagheid. Groot gebiede regdeur die provinsie kom reeds vir maande sonder landlyndienste klaar. Ons sal aanhou praat met senior bestuur by Telkom en so poog om die uitdagings wat ons saam in die gesig staar, die hoof te bied. Terselfdertyd wil ek lede, wat alternatiewe telekommunikasie-oplossings met sukses geïmplementeer het, aanspoor om dit met ons te deel sodat ons dit weer op 'n breër basis met ons lede kan deel.

Soos altyd, het ek en ons HUB die provinsie gedurende die afgelope twaalf maande deurkruis. Wat deeglik tot ons deurgedring het, is dat daar 'n duidelike agteruitgang te bespeur is in die toestand van ons pad- en spoorinfrastruktuur. Gegewe die afstande wat afgelê moet word om ons produkte na marke te vervoer, sal ons steeds met die betrokke owerhede skakel om toe te sien dat hulpbronne aangewend word waar dit die noodsaaklikste is sodat die saak reggestel kan word. Die voortgesette koste aan 'n agteruitgaande vervoer-infrastruktuur sal, in die medium- en langtermyn, blyk onvolhoubaar te wees en 'n verdere beperking op belegging in die sektor plaas.



Deelnemers by die Dundee vergadering

Kommunikasie is die lewensbloed van ons organisasie, nie slegs ten opsigte van die interne oordra van inligting nie, maar ook ten opsigte van die bepaling van standpunte van besluitnemers en om die breër publiek op 'n geloofwaardige wyse in te lig oor sake van belang. Na alles is die wel en wee van die landbousektor vir almal 'n noodsaak en van belang – as 'n volk moet ons voortdurend streef na voedselsekuriteit en volhoubaarheid.

In hierdie verband is stappe gedoen om die waarde van ons webblad aan lede te verbeter en te verhoog om hulle ingelig te hou oor gereelde en omvattende amptelike mededelings, wat óf aan lede oorgedra word deur boereverenigings en affiliate, óf direk aan lede oorgedra word.

Ek is baie dankbaar vir die positiewe en konstruktiewe verhouding wat ons met die media – die gedrukte media, radio en televisie – handhaaf. Dit is die beloning vir ons pogings om gesien te word as 'n verantwoordelike en geloofwaardige leier in ons sektor, daarom bestaan daar 'n goeie verhouding tussen ons. Of dit in reaksie is op ons kommer oor die talle probleme waarmee ons te doen het, of om vordering te vier of net om nuuswaardighede te soek, kontakte en teenwoordigheid van die pers was nog nooit vir ons 'n probleem nie. Ons sê baie dankie vir u belangstelling in ons belange.



'n Onderhoud word gevoer met Robin Barnsley deur die SAUK

Wat van die toekoms?

Terwyl ek my in hierdie verslag grootliks by 'n aantal uitdagings bepaal het en soms kritiek uitgespreek het, is dit 'n uitgemaakte saak dat die sukses van ons gemeenskap en natuurlik ons volk, lê in die aanneming van beginselvaste leiersposisies ten opsigte van sake van die dag en met 'n langtermyn strategiese blik op die toekoms.

Daarom betaam dit ons om ons verbintenis tot die toekoms te herhaal.

As 'n unie, hou ons stewig vas aan die onderskeie beleidsrigtings wat die grondslag vorm van wat ons sê en doen. Dit laat niemand onder die illusie van waar ons met enige bepaalde saak staan nie.

Terwyl daar 'n gelatenheid in landbou heers, is daar ongetwyfeld volop geleenthede vir groei en uiteenlopendheid en ek glo dat die volharding en kreatiwiteit waarvoor ons bekend is, ons in staat sal stel om die uitdagings suksesvol te oorkom.

Wat ons nodig het is leierskap – sterk, ferm, regverdig, gebalanseerd en beginselvas.

Op 'n persoonlike vlak – ek het geruime tyd reeds aangedui dat ek die leiers graag aan iemand anders wil oorhandig. Ek dink die tyd daarvoor het nou aangebreek en ek sê dankie vir die geleentheid wat ek kon hê om u belange te dien. Vir die afgelope vyf jaar of so, was u belange my belange – 'n rare voorreg, maar ook 'n plig wat uitgevoer moet word deur iemand wat toepaslik gemotiveerd en toegerus is.

Lank gelede het 'n president van die voormalige Natalse Landbou-Unie opgemerk dat "hierdie organisasie die seldsame vermoë het om die regte leier vir die regte tyd te kies."

My tyd het, so glo ek, uitgeloop en ons Kongres sal vanjaar 'n nuwe leier vir ons Unie verkies. Ek wil vra dat u aan hierdie persoon en die span u volle ondersteuning gee – u sal sonder twyfel uitdagings stel, want dit is u verantwoordelikheid.

Meer as 'n eeu gelede het Rudyard Kipling een van sy werke met die volgende sin begin: "*A lamentable tale of things done long ago – and ill done*". [*'n Betreurenswaardige storie oor dinge wat lank gelede gedoen is – en verkeerd gedoen is*].

My innige wens is dat ons in die jare vorentoe sal terugkyk en hierdie sal sien as 'n tyd waarin ons die regte ding om die regte rede op die regte tyd met die regte resultaat gedoen het.

As ons faal sal ons in die anale van tyd bekend staan as net nog 'n generasie wat nie uit die foute van die verlede kon leer nie en dit net weer herhaal het – dit sal 'n betreurenswaardige storie wees!!

Die uwe in landbou.

CEO's Report deur Sandy La Marque



Vir Kwanalu was die afgelope finansiële jaar buitengewoon besig en dit het nuwe uitdagings en geleenthede meegebring. Heelwat nuwe wetsontwerpe, strategieë, beleid en sake is ter tafel gelê. Elke saak

waarmee Kwanalu te doen het, van dit wat deur sommige as onbeduidende klein vraagstukkie beskou word, tot byvoorbeeld die hantering van die Sekuriteitswetsontwerp oor Eiendomsreg, word met toewyding behandel. Die ses sleutelgebiede waarin aangeleenthede vervat is, is:

1. Transformasie en Landelike Ontwikkeling
2. Landelike Veiligheid & Sekuriteit
3. Natuurlike Hulpbronne
4. Arbeids- en Maatskaplike Belegging
5. Kommunikasie en Beeldbou
6. Kommersiële Beleid

Bogenoemde sleutelgebiede stem ooreen met dié van Agri SA en die ander provinsies. Dit verseker 'n beleidsbenadering wat gefokus en duidelik is. In hierdie verslag word gefokus op enkele van die sleutelaspekte waarmee vanjaar gehandel is.

1. Transformasie en Landelike Ontwikkeling

Die hantering van grondhervorming bly 'n groot uitdaging. Die Regering se voortdurende onvermoë om die drie bestaande grondhervormingsprogramme, naamlik restitusie, herverdeling en eiendomsreg in KwaZulu-Natal te implementeer, word steeds in die wiele gery deur wan-administrasie, nepotisme, korrupsie, 'n algehele gebrek aan deursigtigheid en minagting van, onder andere, die oppergesag van die wet.

Verlede jaar is debat gevoer oor 'n Groenskrif oor Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en teen die einde van die jaar het 'n weergawe daarvan uitgelek. Daar word nog gewag op die amptelike vrystelling van die Groenskrif oor Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, wat veronderstel was om die konsultasieproses oor 'n nuwe beleid rakende Grond- en Landelike Ontwikkeling bekend te maak.

Intussen het Kwanalu met die Minister en ander in gesprek getree oor die Groenskrif. Die resultate hiervan kan soos volg opgesom word:

Landelike Transformasie –

- 'n Vinnige en fundamentele verandering in die verband (stelsels en patrone van eienskapskap en beheer) tussen grond, lewende hawe, oesinsameling en gemeenskap.
- Onderliggende beginsels:
 - Ontrassing van die landelike ekonomie vir gedeelde en volhoubare groei.
 - Demokratiese en regverdige toewysing van grond vir gebruik oor geslags-, ras- en klasgrense en
 - Streng produksie-dissipline vir gewaarborgde nasionale voedselsekuriteit.

Om regverdige toegang tot grond en volhoubare grondgebruik te bekom, moet die stelsel van eiendomsreg hersien word.

Kwanalu staan steeds by die aangenome beleid van onder andere, dat daar geen inmenging in die mark moet wees nie, die vrye mark beginsel moet toegelaat word. Daar moet respek wees vir eiendomsreg, 'n inklusiewe benadering deur alle partye om 'n seepgladde oordrag van grond aan begunstigdes te verseker, 'n holistiese benadering om hulpbronne daar te stel, infrastruktuur, finansies, ondersteuning deur voorligting, ens.,

groeigeleentede, byvoorbeeld werkskepping en sekuriteit, voeselsekuriteit, belegging, 'n geloofwaardige grond-oudit/grond-databasis oor die stand van eienaarskap van grond, provinsiale en plaaslike forums, Agri SEB in ooreenstemming met die generiese kodes vir die beste praktyk, regeringsteun, ten opsigte van sowel finansies as hulpbronne en 'n vennootskapbenadering met die regering.

Die Wetsontwerp oor Eiendomsreg Sekuriteit (LTSB)

'n Nuwe eiendomsbeleid (wat inderwaarheid moet deel uitmaak van die Groenskrif-proses) en 'n voorlopige Wetsontwerp oor Eiendomsreg Sekuriteit, is op 24 Desember 2010 in die Staatskoerant gepubliseer vir kommentaar teen 24 Februarie 2011. Dit was geen welkome Kersgeskenk nie.

Die wetsontwerp is 'n poging om die voorwaardes van die Wet op Huurarbeiders en die Wet op die Uitbreiding van Eiendomsreg Sekuriteit te kombineer. Dit is uitgebrei om beskerming aan 'n groot groep mense te verleen. Nuwe regte, dit is relatiewe regte, is vir hierdie mense daargestel en dit wil voorkom asof daar geen beperking op sodanige regte is nie en en ook geen kwessie oor vergoeding wat aan die grondeienaar betaalbaar is nie. Die wetsontwerp skenk ook aandag aan uitsettings en voorsiening word gemaak vir Agri-dorpiers.

Die doelstellings van die LTSB is:

- Om relatiewe regte van plaaswerkers, plaasbewoners en grondeienaars te beskerm
- Om die eiendomsregte van plaasbewoners te bevorder; en
- Om voedselsekuriteit deur volhoubare produksie-dissipline te verseker.

Kwanalu het 'n beduidende bydrae gemaak tot die voorlegging wat deur Agri SA gedoen is. Dit is duidelik dat daar 'n aantal onvoorsiene gevolge sal voortspruit, wat 'n impak kan hê op voedselsekuriteit, vreedsame en eensgesinde verhoudings op plase, beskerming van besitreg, ens. Kwanalu sal op die voortou bly en die leiding in die provinsie neem om te verseker dat die standpunte van ons lede en affiliate verteenwoordig word in die voortgaande debat oor hierdie belangrike saak.

Grond-Oudit

Op die Nasionale Grondberaad in 2005, is 'n beroep gedoen dat 'n grond-oudit moet plaasvind. Sedertdien is baie min of glad niks gedoen om 'n oudit te onderneem nie. Kwanalu se Raad van Direkteure het 'n mandaat aan hierdie organisasie verleen om met 'n oudit voort te gaan. Die redes is:

- Daar is geen enkele bron van inligting oor die patrone van eienaarskap van landbougrond nie.
- Dit wil voorkom asof daar geen maatstaf is om te bepaal of die doelwit van 30% oordrag van landbougrond



Opleiding vir die grond-oudit

- in blanke besit na veranderde besit, soos deur die Regering uiteengesit, bereik is nie.
- Die vermoë om 'n oorsig te verskaf van die hoeveelheid grond in swart-besit.
- Daar bestaan verskeie ander grond-transformasie strategieë/beleidsrigtings.
- Die onbekende impak op die stabiliteit van die landbousektor en implikasies wat dit vir voedselsekuriteit in Suid-Afrika inhou.

Implementering van die grond-oudit deur Kwanalu:

- 'n Alternatiewe benadering om te verseker dat bruikbare en relevante inligting bekom word.
- 'n Vraelys met 'n uiteensetting van al die besonderhede van inligting wat vir die analise verlang word.
- 'n Vraelys wat ruimtelik (kaart) aan individuele eiendomme gekoppel is.
- Om doeltreffende verslaggewing oor patrone van eienaarskap en ander sleutel-indikatorters te bewerkstellig.
- Alle stedelike gebiede, tradisionele owerheidsgebiede en bewaringsgebiede is uitgesluit.
- Die opstel van 'n onafhanklike data-insamelingsvorm met definisies.
- Digitale kaarte vir die daarstelling van 'n ruimtelike koppeling word beskikbaar gestel.



Voorbeeld van ruimtelike data.

- Die loods van 'n proeflopie in sewe boereverenigings.
- Waarde moet toegevoeg word vir boereverenigings.
- Werkswinkels vir implementering, wat "lewendige" demonstrasies en onmiddellike gebruik deur lede insluit.
- Besikbaarheid van die vorms, ruimtelike data en relevante inligting.

Die volgende sleutelfaktore is geïdentifiseer:

- Die vereistes moet gebaseer wees op die breër behoefte aan inligting.
- Handhaaf 'n goeie werksverhouding met die Hoofdirekoraat: Ruimtelike Bepanning & Inligting, Departement van Landelike Ontwikkeling & Grondhervorming.
- Betrek Quartex Consulting vir die duur van die projek.
- Die algehele betrokkenheid en toewyding van boereverenigings, affiliate en lede.

Die inligting en data wat ontvang is, word tans ontleed en daar word voorspel dat meer werk in sommige areas gedoen sal moet word om 'n meer akkurate prentjie van die transformasie en patrone van eienaarskap te gee. Die projek duur voort en almal se toegewyde aandag word steeds vereis.

2. Landelike Veiligheid en Sekuriteit

Dit kan nie betwis word nie dat die rol van Kwanalu se Sekuriteitslessenaar en die betrokkenheid van lede, daartoe gelei het dat geen plaasmorde in die laaste ses maande van die finansiële jaar van Januarie tot Julie 2011 plaasgevind het nie. Dit is egter tragies dat agt moorde tydens vier voorvalle gepleeg is vanaf Julie tot Desember 2010. Die statistiek wat deur Kwanalu bygehou word, sluit alle voorvalle op plase in, dit wil sê veiligheidswagte, plaaswerkers, ens. Dit is verblydend om te meld dat 'n byna-suksessyfer van 100% deur die polisie bereik is in hulle ondersoeke en vonnisoplegging aan die oortreders.

Kwanalu se Sekuriteitslessenaar is afhanklik van skenkings. Indien iemand dus graag geld wil skenk vir hierdie belangrike

diens wat deur Kwanalu verskaf word, kan donasies in die volgende bankrekening inbetaal word:

Kwanalu, Eerste Nasionale Bank, takkode– 221425, rekeningnommer 50950350899

3. Natuurlike Hulpbronne

Baie boere in KwaZulu-Natal, word steeds gekortwiek deur swak infrastruktuur soos onder andere die swak toestand van paaie, swak basiese dienslewering, swak kommunikasiedienste en aansluiting deur Telkom en selfoon-diensverskaffers. Baie boere se besigheid word erg hierdeur benadeel en al die toegevoegde koste kan nie aan die eindverbruiker toegevoeg of oorgedra word nie.

Veral die onderbroke en in sommige gevalle, min of geen Telkomdienste, is uiters frustrerend. Die diefstal van nie-yster metale het voortdurende kabeldiefstal tot gevolg. Die patetiese reaksie en opsies om kommunikasie te herstel, kan egter nie so voortgaan nie. Sonder kommunikasiemiddele is mense weerloos. Die saak bly hoog op die agenda en geniet voorkeur.

Rampbestuur

KwaZulu-Natal is die afgelope jaar geteister deur droogte, oorstromings en Bek-en-Klouseer (BKS). In Januarie 2011 is bekend gemaak dat die eerste positiewe serologiese toetse gedoen is. Op 25 Februarie 2011 het die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF) aangedui dat verdagte positiewe serologiese resultate vir Bek-en-Klouseer (BKS) in die noordelike gedeelte van KwaZulu-Natal gevind is tydens roetine-ondersoeke in die beskermingsgebied vir die siekte. Daar is aangekondig dat, alhoewel geen kliniese simptome van die siekte tot op datum gevind is nie, die departement sy ondersoek sou voortsit. Reaktors is in die oop gebied van die siekte geïdentifiseer. Ten einde laaste is die gebied verklaar, padblokkades, bewegingsprotokol, permitte en verskeie maatreëls is in plek gestel. Teen daardie tyd het Kwanalu, op versoek van sy lede, dadelik met 'n kommunikasieveldtog aan die verbruiker, maar belangriker nog, aan boere, begin want dit was duidelik dat min of geen kommunikasie of inligting tot boere se beskikking was nie. Volgehoue interaksie en ingryping was nodig. Aanmerklike verliese is deur wild-, sowel as beesboere gely en boere wonder vandag nog wat gebeur het. Talle vrae bly steeds onbeantwoord.

4. Arbeids- en Maatskaplike Belegging

Op 17 Desember 2010 is vier arbeidswysigingswette vrygestel vir kommentaar:

1. Die Wysigingswetsontwerp oor Arbeidsverhoudinge.
2. Die Wysigingswetsontwerp oor Billike Indiensneming.
3. Die Wysigingswetsontwerp oor Basiese Diensvoorwaardes.
4. Die Wetsontwerp oor Indiensneming.

Bogenoemde vier wetsontwerpe was in baie opsigte kontroversieel. Na verwagting sal die wetsontwerpe, as hulle in die huidige vorm aanvaar word, 'n beduidende impak op die werksomgewing hê. Kwanalu het deelgeneem aan die openbare verhoor wat in die provinsie gehou is en 'n voorlegging is voor die afsnydatum in Januarie 2011 gedoen. Die saak geniet steeds voorkeur en aandag sal daaraan geskenk word sodra meer inligting bekend gemaak word.

Aan die einde van Mei is kennis ontvang van openbare verhoor wat in plaaslike gebiede in KZN gehou gaan word, waar insette gevra gaan word om 'n nuwe loonbedeling vir plaas- en bosbouwerkers vas te stel. Boereverenigings het tot die gesprek toegetree en konstruktiewe besprekings met die departement gehou. Daar is gevoel dat enige verhoging op die bekostigbaarheid van die werkgewer gegrond moes word. Kwanalu het bykomende kommentaar gelewer en dit is ingesluit in die voorlegging wat teen die vereiste datum aan die Nasionale Regering voorgelê word..

Kwanalu skenk deurentyd aandag aan verskeie probleme, asook voorvalle wat deur lede ondervind word. en het 'n goeie werksverhouding met die departement opgebou. Dit bly egter van die grootste belang dat lede altyd insiklik moet wees.

5. Kommunikasie en beeldbou

Inligting en kommunikasie aan verskeie doelwitgehoere, is 'n sleutel fokusgebied. Wanneer gerekommunikeer moet word, is Kwanalu se lede eerste op die lys.

Heelwat doeltreffende metodes word gebruik om met lede te kommunikeer, byvoorbeeld die Kwanalu boerdery-vriendelike webblad, e-pos, die nuwe SMS-stelsel en in gevalle waar geneen van bogenoemde bestaan nie, faks of pos. Kwanalu se Uitvoerende Raad en HUB woon gereeld boereverenigingvergaderings by. Een keer elke jaar word dwarsdeur die provinsie besoek gebring om mense op hoogte te bring van die nutste ontwikkelings.



6. Komersiële Beleid

Die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Nr. 6 van 2004 (MPRA)

Agtergrond:

In November 1999 is die voorstelle vir die tien nuwe distriksrade (wat die bestaande sewe streeksrade sou vervang) gepubliseer en die voorstelle vir die plaaslike munisipaliteite is op 22 Desember 1999 gepubliseer. Dit het beteken dat alle landelike grond binne die grense van 'n plaaslike munisipaliteit sou val en dat dienste deur daardie munisipaliteit of die distriksraad verskaf sou word op 'n agentskapsbasis, soos tans die geval met die streeksrade is. 'n Saak wat Kwanalu onmiddellik opgeval het, was die uitwerking daarvan op die boerderygemeenskap weens die heffing van belasting op boerderygrond en die metode van aanslag en invordering van sodanige belasting. Na oorlegpleging met sy lede, is 'n duidelike mandaat ontvang en is besluit dat Kwanalu sou voortgaan met alle moontlike stappe om beswaar aan te teken teen die onekonomiese toepassing van die MPRA op die landbousektor.

Kwanalu het dit van die begin af duidelik gemaak dat boere die verantwoordelikheid van onderwerping aan eiendomsbelasting aanvaar, onderhewig aan die voorwaardes soos vervat in artikel 229(2)(a) van die Grondwet, wat verklaar dat 'n munisipaliteit nie sy mag om belasting op eiendom te hef, mag uitoefen op 'n benadelende en onredelike wyse nie –

- (a) Nasionale ekonomiese beleid;
- (b) Ekonomiese aktiwiteite oor sy grense heen; of
- (c) Die nasionale mobiliteit van goedere, dienste, kapitaal of arbeid.

Kwanalu het 'n belangrike en leiersrol gespeel in die Wet op Munisipale Belasting, Nr. 6 van 2004, deur in Kaapstad voorleggings te doen aan die portefeuljekomitee, die verteenwoordigers van die NDPLG, Kwanaloga, die KZN



*Die Bek-en-klouseer Rooilyn Buffer Sone Omheining – R27m was toegeken vir hierdie omheining in 2007!
(Foto verskaf deur NRPO)*

DPTIGA, konsultante en ander rolspelers. Kwanalu het 'n onafhanklike studie deur die Universiteit van KwaZulu-Natal onderneem, wat dwarsoor Suid-Afrika en deur die betrokke departemente gebruik is. Die bevindings van die studie is deur talle ander studies van dieselfde aard bewys. Tydens die wetsontwerp-fase, is professor Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria afgevaardig om op Dinsdag 12 Augustus 2003 'n voorlegging aan die Portefeulje-Komitee te doen oor Provinsiale en Plaaslike Regering. Sy samevatting was duidelik:

“My algemene indruk is dat die voorleggings almal redelik eerlik is en met bruikbare voorstelle vorendag gekom het oor hoe landbougrond in die Wetsontwerp oor Eiendomsbelasting behandel behoort te word. Ek het ook bykomende argumente verskaf, waarom ons verskillend behoort te dink oor landbougrond – een van ons volk se baie skaars hulpbronne. Enige mate van belasting van landbougrond, sal soveel komplikasies inhou dat die inkomste wat daaruit verkry word, waarskynlik nie die totale koste van die waardasie van die grond en die insameling van die belasting sal dek nie. Slegs teen 4% of meer sal dit ekonomies sin maak en dan is alle winste of opbrengs aan belasting verhaal, wat in wese sal beteken dat niemand meer sal wil boer nie. Die gevolge ten opsigte van die armoede- en voedselsekureitagenda van die regering is te verskriklik om aan te dink.”

By die finale promulgering van die MPRA, was dit duidelik dat ons in sommige gebiede suksesvol was om te verseker dat landbou erken word en spesiale aandag moes ontvang, byvoorbeeld artikel 3 (4), 8 (2)(d-f), 15(f), 19 (b), 21 (a), 46 (3) (b) & (4) is onder andere ingesluit. Dit het gebeur as gevolg van die ontoegeeflike standpunt wat namens Kwanalu se lede ingeneem is.

Huidig:

Terwyl alle landougrondeienaars bewus is dat die implementering van die MPRA baie veeleisend en uiters uitdagend was, is dit duidelik dat:

- Tegnieë onreëlmatigheid steeds plaasvind.
- Min of geen konsultasie vind plaas.
- Gebrek aan dienste.
- Geen begrip van die ekonomiese bydrae van die landbousektor tot munisipaliteite nie.
- Onbillike en benadelende belasting word oor munisipale grense heen toegepas.
- Waardasie-probleme.

Hofsaak:

Dit het duidelik geword dat Kwanalu 'n oplossing in die hof moes gaan soek. Die dispuut was ten opsigte van die ekonomiese impak van die hef van belasting op die landbousektor. Na beduidende en uitgerekte konsultasies en nadat gevallestudies oor werklik belaste eiendomme onderneem is en die mening van meer kenners ingewin is, ens., is die saak aanhangig gemaak. Ons wou hê die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede (COGTA), moet 'n regulasie neerlê om 'n plafon vas te stel van 'n maksimum belastingperk wat landbougrond sou vrystel van belasting.

Die eerste hofverskyning was op 3 Desember 2010, maar die feit dat die Minister 'n dagvaarding laat ingedien het, het daartoe gelei dat die saak uitgestel is. Tydens vonnisoplegging op 16 Mei 2011, is die Minister gelas om vermorste koste wat aangegaan moes word as gevolg van die uitstel, te betaal. Met die tweede verskyning op 15 April 2011, is die saak aangehoor. Ongelukkig is die aansoek van die hand gewys, maar Kwanalu is nie gelas om onkoste te betaal nie.

Opsomming van Uitspraak

In Re: Kwanalu vs Minister van Provinsiale en Plaaslike Regeringsaangeleenthede.

1. Die uitspraak het begin met 'n kort verduideliking van die betrokke voorwaardes van artikel 16 van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (MPRA), waarin gehoop is om die Minister te ooreed om die beslissing te maak wat van hom verwag is.
2. Die MPRA maak voorsiening vir 'n sektor van die ekonomie (nie “gemeenskap” soos in die uitspraak verklaar is nie), om deur sy georganiseerde strukture (Kwanalu), die Minister te voorsien van bewyse dat belasting op 'n bepaalde kategorie eiendomme, nadelige en onredelike skade aanrig aan nasionale ekonomiese beleid, ekonomiese aktiwiteite oor sy grense heen of die nasionale mobiliteit van goedere, dienste, kapitaal of arbeid.
3. Indien sodanige bewyse die Minister oortuig, moet hy die betrokke munisipaliteit of munisipaliteite deur middel van die Staatskoerant in kennis stel dat die belasting beperk moet word tot 'n bedrag in rande, soos in die kennisgewing gespesifiseer.
4. Die aansoek is gebring op die grondslag dat 'n universele beginsel op die landbou-eiendomme van toepassing is en dat die Minister oortuig moes word dat 'n beperking ingestel behoort te word op die belasting wat op alle landbougrond gehef word.
5. Die eerste grondslag waarop die Hof hom verlaat het om die aansoek van die hand te wys, is dat die Minister nie in die aanvanklike skrywe van 14 April 2008 gevra is om alle munisipaliteite in ag te neem nie. Die feit dat die Minister uiteindelik op 29 Maart 2009 gereageer het deur te verklaar dat hy besluit het “om nie 'n beperking te plaas op die belasting wat deur enige van die agt munisipaliteite in die dagvaarding gehef word nie,” dui daarop dat sy reaksie nie onredelik was nie en dat hy korrek opgetree het deur slegs daardie agt munisipaliteite te oorweeg.
6. Die Hof verwys ook na die getuienis dat die Minister gevra is om te evalueer en dit sluit nie elke munisipaliteit in die provinsie in nie. Die Hof is van mening dat, indien Kwanalu wou hê die Minister moet die posisie ten opsigte van die hele provinsie oorweeg, moes hulle dit duideliker uiteengesit het.
7. Daarom is die Hof van mening dat, as die aansoek om heroorweging van die Minister se besluit, gebring is op die grondslag dat hy nagelaat het om 'n besluit ten opsigte van die hele provinsie te neem, terwyl dit voorkom dat hy eintlik slegs gevra is om sekere munisipaliteite te oorweeg, kan die aansoek nie slaag nie.
8. Daarna gaan die Hof voort en vra die vraag: indien die Minister verstaan het dat die voorlegging met die hele provinsie verband hou, sou hy die bevoegdheid hê om 'n beperking op elke munisipaliteit te plaas?
9. Die Hof het eerstens munisipaliteite se grondwetlike reg om belasting in te stel bevestig en die verskillende vlakke van regering bespreek, asook die feit dat elke munisipaliteit apart van die ander funksioneer. Daarom mag nasionale en provinsiale sfere “nie inmeng met munisipaliteite se vermoë nie of hulle verhinder om hulle reg om hulle mag uit te oefen of hulle werk te doen nie.”
10. Die Hof was daarom van mening dat die Minister baie min

ruimte het om met die werksaamhede van munisipaliteite in te meng en daarom nie kan voorskryf watter belasting gehef moet word nie, selfs al dink hy self dit is te hoog. Die Minister kan slegs ingryp ingevolge artikel 16 van die MPRA indien die belasting “enige van die punte soos gelys in onder-afdeling (1) op ’n belangrike en onredelike manier benadeel.”

11. Die Hof is nie oortuig dat die nodige faktore bestaan het om die Minister toe te laat om in te meng nie. Die Hof is effektief van mening dat belasting reeds gehef moes gewees het, wat dan die benadeling waarna verwys word, sou veroorsaak. Daarom kan die Minister nie ’n beperking op die belasting vir alle munisipaliteite plaas alvorens die munisipaliteit werklik sodanige belasting gehef het nie. Die Hof was ook van mening dat dit onregverdig sou wees om dieselfde beperking op elke munisipaliteit van toepassing te maak. [Dit wil voorkom asof die Hof nie oortuig was van die algemeenheid van die beginsel nie. Slegs ’n kategorie eiendomme sou aan die beperking onderworpe wees.]
12. Die Hof het vlugtig melding gemaak van die kommer dat die streng vertoking van artikel 16, sou lei tot ’n akademiese regstelling van die probleem. Die Hof het daarop gewys dat die voorlegging tien weke voor die einde van die finansiële jaar aan die Minister gemaak is en dat dit so gou as moontlik gedoen behoort te word om aan die Minister die geleentheid te bied om betyds ’n beslissing te maak.
13. Die Hof was ook van mening dat die Minister se beslissing, as dit gedoen is in verband met ’n bepaalde munisipaliteit of munisipaliteite, nie vir slegs een finansiële jaar sal duur nie, maar van krag sal bly totdat dit onttrek word.
14. Daarna begin die Hof met ’n ontleding van die rol van howe ten opsigte van inmenging met die oplegging van belasting en verwys veral na ander uitsprake, wat bevestig dat die hef van belasting “na oorweging uitgeoefen word deur demokraties verkose verteenwoordigers.” Daarom wil dit voorkom asof howe uiters versigtig moet wees om nie in te meng nie. Inderwaarheid doen die Hof aan die hand dat dit geen reg het om in te meng nie, tensy ’n breuk van die regsbeginnel voorgekom het. Aangesien sodanige aangeleenthede nie spesifiek in die saak ter sprake gekom het nie, is hierdie gedeelte van die uitspraak interessant, eerder as dat dit direk verband hou met die afwysing van die aansoek.
15. Die finale aspek wat die Hof op meriete behandel het, is die impak van kortings op belasting. Die Hof was van mening dat die Minister nie irrasioneel opgetree het toe hy kortings in ag geneem het in sy bepaling of enige bepaalde belasting verregaande was nie.
16. Wat die koste betref, het die Hof onlangse besluite rakende grondwetlike regsdinge in ag geneem, waar beslis is dat ’n onsuksesvolle litigant nie gelas moet word om die regskoste van suksesvolle litigante te betaal nie. Onder die omstandighede, sal daar dus nie van Kwanalu verwag word om die respondent se koste te betaal nie.

Pad vorentoe:

Wetlik gesproke, as ons met die aansoek sou voortgaan, sou die volgende stap wees om om verlof tot appèl aansoek te doen. Indien verlof tot appèl aan ons toegestaan is, sou ons die uitspraak in die Appèlhof van die Hooggeregshof kon betwis. Indien verlof tot appèl nie aan ons toegestaan is nie, sou ons vertoë tot die Hoofregter moes rig om verlof om die appèl in die Appèlhof van die Hooggeregshof te bring. Na ons mening en volgens ons regspan was daar goeie vooruitsigte op sukses, maar prakties gesproke, is daar ook aan ons gesê dat die saak nie daar sal eindig nie. Indien ons die saak sou verloor, sou ons dit na die Grondwetlike Hof moes neem. Ons het geweet dat, indien die Minister die saak in die Appèlhof van die Hooggeregshof verloor, hy dit na die Grondwetlike Hof sou neem.

Dit alles het beteken dat die wetlike proses ten minste nog ’n jaar of twee sou voortduur en konserwatiewe ramings het daarop gedui dat ons vir ten minste R1 miljoen aan onkoste voorsiening sou moes maak.

Kwanalu het gevoel dat daarin geslaag is om al die moontlike voordele uit ’n algemene hofaansoek te verkry. Indien ons teen die uitspraak sou appèlleer, selfs al het ons appèl geslaag, sou dit, in die lig van wat voorlê soos hieronder uiteengesit, min voordeel vir ons lede inhou. Die regskoste wat aangegaan sou word, sou nie verhaal kon word nie. As ons die appèlsaak sou verloor, sou ons natuurlik verantwoordelik gehou word vir betaling van die Minister se koste en ons sou dan in elk geval nie beter af wees as nou nie. Dit is duidelik dat baie dinge verander het sedert ons die aansoek gebring het. In die eerste plek het die soeklig op ons saak oor munisipale belasting daartoe gelei dat baie munisipaliteite en plaaslike regerings in baie gevalle meer redelik optree. Ons vorder dus deur konsulering.

Net so, het die hele belastingprentjie verander deur die instelling van die verhouding wat die belastingproses tot ons lede se voordeel beperk. In die eerste plek kon die aansoek ’n uitwerking gehad het op die verhouding wat deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer is. Die uitspraak self is ’n uiteensetting van die regter se oordeel oor hoe ons die voorwaardes van die MPRA moet nakom. In breë trekke, sê hy ons moet die saak nie op ’n algemene basis benader nie, maar op ’n basis van bepaalde munisipaliteite en as die huidige belastingklimaat in ag geneem word, dink ons dit sal ons lede beter pas. Die fokus moet verskuif van pogings om ’n beperking op belasting te verkry, tot ’n meer bepaalde munisipaliteit-tot-munisipaliteit benadering, met inagneming van die verhouding en enige kortings wat van toepassing mag wees.

Ons het toe aanbeveel dat een en elke boerevereniging in enige gegewe munisipaliteit, die uitwerking van belasting op hulle lede moet bepaal en indien enige benadeling as gevolg van die belastingproses bemerk word, moet die betrokke inligting soos voorheen versoek aan Kwanalu voorgelê word, sodat die bepaalde boerevereniging met raad bedien kan word oor hoe om die munisipaliteit te troef.

Ons het besluit om nie teen die uitspraak te appèlleer nie. Al ons argumente moet op die uitspraak gegrond word, aangesien die uitspraak onlangs gedoen is en ons is van mening dat ons beperkte hulpbronne aangewend moet word in sake waar bepaalde benadeling van bepaalde boereverenigings in bepaalde munisipaliteite voorkom. Die onus rus op die individue en die boereverenigings om die belastingproses in hulle eie gebiede te monitor. Vir daardie doel het ons vroeë en inligtingslyste saamgestel en versprei. Dit sal die eerste stap wees ten opsigte van uitdagings op ’n individuele basis.

Om ’n vinnige mandaat te verkry vir ons besluit om nie teen die uitspraak te appèlleer nie, het ons alle affiliates, boereverenigings, kommoditeite en lede om kommentaar genader. Daar was dadelik ’n meerderheidsbesluit dat ons, in die lig van bogenoemde argument, nie teen die uitspraak sou appèlleer nie.

Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne (MPRDA van 2002)

Ontginning, Myning en Breking

Dit het onder Kwanalu se aandag gekom dat ’n oormatige aantal ontginnings- en myn-aansoeke in KZN ingedien is – dit is blykbaar veral ten opsigte van bio-sensitiewe wateropvanggebiede en gebiede met hoë boerderypotensiaal. Bo en behalwe dit, het die publiserende inligting rakende die voorgestelde breking wat in KZN onderneem gaan word, gelei tot ’n pro-aktiewe benadering. ’n Vergadering van alle lede en belangstellendes is byeengeroep. Die agenda het die volgende omvat:



Spreekers by die Minerale Regte werkswinkel

- Die wetlike raamwerk van die MPRDA van 2002
- Houers van minerale regte vs die regte van grondeienaars
- 'n Boer se praktiese benadering in die hantering van aansoeke om ontginningsregte
- 'n Boer se praktiese benadering in die hantering van breking.

Uiters waardevolle inligting is by die werkswinkel verkry. Dit het groot media-belangstelling gewek en die myn-, ontginning- en brekingkwessie in KZN in die oopte gebring. By die werkswinkel is onder andere, ooreengekom op verskeie stappe:

- Rolspelers, belanghebbendes en betrokke partye moet geïdentifiseer word vir gesamentlike optrede in KZN.
- Daar is 'n behoefte aan die verkryging/behoud van regskenner, onafhanklike omgewingskundiges.
- Die bevordering van verhoogde volhoubaarheid.
- Beklemtoon gemeenskapsbetrokkenheid en invloed.
- Moedig mense aan om gereelde watermonsters uit geselekteerde waterbronne te neem sodat daar 'n basismaatstaf van chemiese samestelling is om van te werk.
- Boere moet aangemoedig word om deel te neem en besware aan te teken, rekords te hou van alles wat gedoen word, briewe, bywoning, vergaderings, ens.
- Sover dit breking aangaan, moet ons as 'n eenheid saamstaan.
- Vra om 'n uiteensetting van myn-, ontginning- en breking-aansoeke en lisensies in KZN.
- Verantwoordelike sosio-ekonomiese planne moet aangemoedig word.
- Kwanalu sal inligting tot sy lede se beskikbaarheid stel om te help met die voltooiing van aansoeke, ens.



*Bongani Ngwenyama en Tony Dube
het die werkswinkel bygewoon*

Die uitdaging of geleentheid wat hierin gesien moet word, is dat ons geld en hulpbronne sal nodig hê om te verseker dat ons suksesvol aan hierdie belangrike saak sal kan meedoën. Kwanalu was betrokke by besprekings met die ander provinsies en dit is duidelik dat hierdie situasie wyd verspreid is en dat ingryping op hoë vlak sal moet geskied. Kwanalu beskou dit as 'n belangrike saak en sal alle moontlike geleenthede vir deelname benut.

TER AFSLUITING

In wat slegs as 'n ongelooflike eer beskryf kan word nadat ek twee jaar gelede benoem is en na 'n uitgerekte onderhoudproses, is die Cochran Fellowship Award deur die Verenigde State se Departement van Landbou aan my toegeken om deel te neem aan die program – Formulering van Landboubeleid –

vanaf 16 Augustus 2010 tot 2 September 2010. Die program is in samewerking met die Universiteit van Missouri-Columbia ontwerk. Die besoek het onder andere ingesluit vergaderings met beamptes van die USDA-ERS, USDA-FAS, personeel van die Congressional Research, Diens en Landbou-Adjutant vir senator Claire McCaskill, Staatsekretaris en –tesourier van die Staat van Missouri, die direkteur en ander amptenare in die Missouri Departement van Landbou en Departement van Natuurlike Hulpbronne. Daarby ook 'n besoek aan die USDA-beamptes, die Missouri Voorligtingsbeampte en 'n aantal baie interessante vergaderings vol inligting.

Die doel van hierdie vergaderings en besoeke, was om te sien hoe landboubeleid geformuleer word, hoe verskillende rolspelers en aandeelhouers die landbou-beleidsproses beïnvloed en hoe hulle beleid wat deur nasionale en regeringswetgewing ontwikkel is, implementeer. 'n Besoek saam met navorsings- en voorligtingspersoneel aan die Gemeenskapsentrum vir Beleidsanalise, om te sien hoe hulle navorsing en "intelligensie" voortbring vir die proses van landelike ontwikkeling, was verrykend. Daarby het ons 'n onderhoud gedoen oor 'n oorsig van verskillende soorte beleidsake (landbou, natuurlike hulpbronne, energie, landelike ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling, verbruikersbeskerming, voedselsekureit, ens.) waarin gekyk is na die organisasies en agentskappe wat betrokke is en die unieke kenmerke van die beleidsproses wat invloed uitoefen op elke belangrike saak.

iets wat ek altyd sal onthou van die besoek was 'n rare geleentheid om 'n Amish gemeenskap te besoek. Ons kon hulle weeklikse veiling van vars produkte bywoon, hulle sentrale melkery besoek en dan is ons die ongelooflike geleentheid gebied om hulle plase en huise te besoek. Om te sien hoe hierdie gemeenskap selfonderhoudend en winsgewend kan leef sonder gebruik van elektroniese hulpmiddels, voertuie, kommunikasienetwerke, banke of finansiële dienste, ens., was aangrypend. Dit is werklik 'n les wat oorgedra kan word aan ons eie landelike ontwikkelingscenario in KwaZulu-Natal. Dit was 'n fantastiese ervaring wat ek nooit sal vergeet nie. Alles wat ek geleer en ervaar het, het my 'n ryker mens gemaak en ek sal dit aanwend tot voordeel van die aktiwiteite waarby ek betrokke is.

Kwanalu se daaglikse werksaamhede gaan steeds doelgerig en doeltreffend voort. Daar is steeds uitdagings soos beperkte geld en hulpbronne en die immer-veranderende politieke, ekonomiese en landbouklimaat. Deur alles heen moet ons geleenthede, vennote en oplossings vind. Die klein personeelkorps bly ten volle toegewyd aan Kwanalu se doelstellings en mikpunte. Dankie aan die personeellede, Ethel, Lyn, Nojabula en Rita. Aan die raad van direkteure en veral die uitvoerende komitee – dit was beslis 'n besige, opwindende en uitdagende jaar – dankie vir die ondersteuning.



Die melkery in die Amish gemeenskap

Sekuriteits Lessenaar

deur Koos Marais

Die lae sukses vlak van die justisie stelsel, die SAPD se vermoë op 'n laer vlak om misdaad te hanteer, politiese inmenging en 'n gebrek aan 'n politiese wil om misdaad aan te spreek, bly 'n groot terughoudende faktor in suksesvolle boerdery en landbou. Dit is onmoontlik om die enorme koste van misdaad vir die boer, die verbruiker en die ekonomie te bereken.

Die Regering kan nie langer die verwoestende nagevolge van misdaad ignoreer nie en het dit nodig geword om dit op die hoogste vlak aan te spreek, bygestaan deur 'n gedagte wisseling van die publiek om meer betrokke te wees in die geveg teen misdaad. Die stadige grond hervormingsproses sal sekerlik 'n groot veiligheids faktor bly en steeds bydrae tot misdaad in die platteland.

Statistiek toon dat daar geen plaasmoorde gedurende die eerste 5 maande van 2011 plaasgevind het nie teenoor 2 vir die ooreenstemmende tydperk in 2010. Vir dieselfde tydperk was daar 17 plaasaanvalle in 2011 en 18 in 2010. Daar was 10 moorde en 39 aanvalle gedurende 2010 vergelykend met 6 moorde en 36 aanvalle gedurende 2009.

Kommunikasie met die verskillende SAPD eenhede bly goed en daar bestaan 'n goeie werksverhouding. Plaasaanvalle geniet SAPD ondersoek van hoogstaande gehalte en arrestasies vind in meeste gevalle plaas. Dit is egter noodsaaklik om 'n goeie werkende verhouding op die eerste vlak van kontak te handhaaf sodat veiligheids aangeleenthede onmiddellike aandag kan geniet.

Die Sekuriteitslessenaar bly verbind om aandag te skenk aan sake rakende die belange van Kwanalu lede. De lessenaar se funksies is, onder andere:

1. Bemiddeling en skakeling ten opsigte van probleme tussen grondeienaars en of die SAPD en/of ander regerings departemente.
2. Verteenwoordig Kwanalu lede in die provinsiale strukture van die Landelike Beskermingsplan en die Nasionale Veiligheidskomitee om oop werkende kommunikasiekanale tussen veiligheidsstrukture te verseker.
3. Versamelde inligting en statistiek van misdaad teen georganiseerde landbou word aan die SAPD voorsien vir praktiewe aksie en operasionele beplanning.
4. Daar word aandag geskenk aan plaasveiligheid. Boerevereniging vergaderings word bygewoon waar sake rakende veiligheid en misdaad aangespreek word.
5. Die lessenaar staan lede by met basiese advies oor kriminele sake, regsprosedures en stappe wat geneem kan word.
6. Lede word ingelig oor belangrike inligting en aangeleenthede aangaande veiligheid.
7. Waar bepaalde mate van publisiteit geniet kan word, kommunikeer die lessenaar met die media.
8. Rekords en statistiek van bepaalde insidente aangaande sekuriteit word bygehou om standpunte te onderskryf of vir besprekingsdoeleindes met verskillende regeringsdepartemente. Ongelukkig word heelwat voorvalle nie onder die lessenaar se aandag gebring nie en moet daar van amptelike kanale gebruik gemaak word om soveel moontlike inligting in te win. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting aan die lessenaar oor te dra sodat meer akkurate statistiek voorgelê kan word.
9. Deur die lessenaar word 'n proses van kontinuïteit van diens en opvolg gehandhaaf.

Om persoonlike verantwoordelikheid vir u eie beveiliging, die beveiliging van u gesin, werknemers en besittings te aanvaar, moet 'n prioriteit wees. 'n Laaste gedagte – Moet nie oor misdaad kla, as u nie misdaad aanmeld nie.

Kwanalu Dag vir Vroue in die Landbou

deur Ethel von Abo

Kwanalu se 10de Vrouedag is in styl en met swier gevier met 'n Hoedepret Teeparty. Die vroue is gevra om hulle vir die geleentheid te klee om by die tema aan te pas en 'n prys is uitgelooft vir die beste hoed. 'n Ongelooflike getal behoeve-vroue het opgedaag en dit het die beoordelaars se taak beslis nie makliker gemaak nie. Die vroue is eweneens stylvol vermaak deur 'n sing- en dansgroep by name The Golden Girls, asook die Maritzburg College Kwartet.



Die Dames Dag – Altyd 'n genotvolle dag vir almal

Die vroue is in eg-Engelse styl getrakteer op 'n 'High Tea'.

Ons getroue borge se ondersteuning met ons 10de verjaardag, het ons in staat gestel om 'n waardevolle prys te oorhandig aan die vrou wat die hoed-kompetisie gewen het. Daar was ook 'n gelukkige nommer-trekking en van die vroue het met wonderlike pryse weggestap. Soos gewoonlik het elke kaartjiehouer 'n 'Gelukspakkie' ontvang – tot oorloeps toe gevul met items wat deur ons borge geskenk is. Die groot pryse, naamlik geskenkbewyse wat by die Liberty Midlands Mall spandeer kan word, is weer deur Kwanalu geborg.

Die Vrouedag is geheel en al afhanklik van borgskappe buite die Kwanalu-struktuur en dit bly steeds 'n uitdaging om sulke borgskappe te bekom. Ons was deur die jare baie gelukkig om die ondersteuning van 'n aantal getroue borge te geniet. Ons erken hulle bydraes met groot dankbaarheid.

Die mylpaal wat ons bereik het met die viering van ons 10de verjaardag, is vir ons 'n riem onder die hart, maar meer nog, voel ons nederig by aanskoue van soveel waardering en erkenning deur diegene wat ons van die begin af wou vereer – die boere se vroue. Dankie aan een en elkeen wat die dag so getrou ondersteun deur julle teenwoordigheid. Ons weet daar is vroue wat vir die afgelope tien jaar elke jaar daar was. As die dag vir u halfpad so genotvol was as wat dit vir ons was om dit te reël, het ons ons doelwit bereik!

Geborg deur:

Mutual & Federal Agri

SA Rietkwekersvereniging

deur Jane Ferguson

Die 2010/11-seisoen het 'n suikerrietoes van 16 015 649 ton opgelewer. Vergeleke met die 2008/2009-seisoen, verteenwoordig dit 'n afname van 2.64 miljoen ton (14.1%). Totale suikerproduksie was 1 909 236 ton, wat 'n seisoen na seisoen daling van 278 306 ton beteken. Suikerrietgehalte het 'n geringe verbetering getoon, met die gemiddelde herwinbare waardepersentasie suikerriet in die bedryf wat vanaf 12,45% in 2009/10 tot 12,89% verbeter het.

Klimaatstoestande het weereens groot verwoesting aan die oes aangerig. Baie rietkwekerstreke in KwaZulu-Natal het die ergste droogtetoestande die afgelope vyftien jaar beleef. Die aanvanklike gunstige vooruitsigte, gepaard met relatiewe goeie vroeë reënval, het nie gerealiseer nie, aangesien uiterste droë toestande vanaf die middel



Suikerriet wat geraak was deur die droogte op die Noordkus van KZN

van Januarie tot Oktober 2010 voortgeduur het. Hierdie swak klimaatstoestande het dwarsdeur die seisoen gelei tot 'n konstante verlaging in die suikerrietoes. Die uiterste weerstoestande wat ervaar word, moet beslis toegeskryf word aan die impak van globale verwarming op ons klimaatpatrone.

Die finale HW-prys vir die 2010/11-seisoen het R2 572.14 per ton beloop, wat 'n jaarlikse verhoging van 12.6% insluit. Alhoewel die HW-prys jaarliks 'n redelike toename getoon het, is dit belangrik om te weet dat die totale kwekersinkomste jaar na jaar gedaal het as gevolg van die kleiner oes. Terwyl insetkoste nie teen die buitensporige tempo van twee jaar gelede gestyg het nie, het die kostedruk van die afgelope agt seisoene hulle tol op kwekers geëis en enige verbetering in kwekersinkomste is op 'n lae grondslag gebaseer en daar is steeds druk op die volhoubaarheid van 'n rietkwekersbesigheid. Netto bedryfsinkomste het vanaf R8.36 biljoen in 2000/10 afgeneem tot R8.29 biljoen in 2010/11. Rietkwekers se aandeel in hierdie netto bedryfsinkomste was R5.34 biljoen.

Volhoubaarheid van die rietkwekersektor is een van die sleutel-fokusgebiede van RIETKWEKERS. Volhoubaarheid in die rietkwekersektor neem baie vorme aan. Gedurende die afgelope seisoen is heelwat klem geplaas op die doelwitte van die Ontwikkelingsplan vir die Suikerbedryf (SIDP). Die doelwit van die SIDP is om 'n omgewing te skep wat die regte insentiewe vir kwekers en meulenaars sal meebring om die 'sny koek groter te maak' om so die inkomstebasis van die bedryf te vergroot sodat kwekers en meulenaars op 'n regverdige wyse daarin kan deel. Met die voorlegging aan die regering, is die SIDP entoesiasies ontvang. Om betekenisvol te wees, moet die SIPD ekstensiewe regeringsdeelname geniet. Daar is raakpunte tussen die impak van die suikerbedryf op die landelike ekonomieë waarin dit werkzaam is en die doelwitte van die regering se tienpuntplan, soos uiteengesit in sy Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (2009). Die suikerbedryf en rietkwekersgemeenskappe het altyd 'n aansienlike bydrae gemaak tot die diepliggende landelike ekonomieë in die streek waar suikerriet verbou word en kan, tot 'n groter of kleiner mate, 'n bydrae lewer tot elk van die tien punte wat die regering wil bereik. Hiermee word vanselfsprekend ruimte gelaat vir 'n voordelige openbare/privaat vennootskapsooreenkoms met die regering vir die volhoubare ontwikkeling van ons land en sy mense.

KZN Katoenkwekersvereniging

deur Phenias Gumede

Gedurende die afgelope bemarkingseisoen wat op 31 Maart vanjaar ten einde geloop het, is 518 bale katoenpluis in die KwaZulu-Natal produksiegebied geproduseer. Dit verteenwoordig 1.3% van die totale Suid-Afrikaanse oes en is een van die laagste oesste op rekord. Die oes is slegs onder droëlandtoestande verbou, is 56% laer as die vorige seisoen en 81% laer as dié van drie seisoene gelede, hoofsaaklik as gevolg van die sluiting van die Makhathini pluismeule en die besproeiingsprojek.

Vir die huidige bemarkingseisoen word die totale Suid-Afrikaanse oes op ongeveer 136% bo die vorige seisoen geskat. Die verhoging word toegeskryf aan die verbetering in internasionale katoenpryse. Die verwagte KwaZulu-Natal-oes van ongeveer 529 bale katoenpluis, verskil nie veel van dié van verlede jaar nie en sal weereens kom van plaaslike droëland kleinskaal-katoenboere. Die oes, wat reeds verkoop is, sal deur die Loskop katoenmeule gepluis word.

Op die internasionale front is katoenpryse vir die komende seisoen steeds baie gunstig met die katoenvooruitsigte vir Julie 2012 gekwoteer teen \$1.03/lb op 23 Junie 2011.

Ongeveer 360 KwaZulu-Natal kleinskaal-katoenboere het sedert 2001 die vaardigheds-opleidingskursusse van Katoen SA bygewoon. Meer as altesaam 900 kleinskaal-katoenboere het tot dusver voordeel getrek uit Katoen SA se opleidingsprogram.

Bosbou Suid-Afrika

deur Roger Godsmark

Uit 'n algemene oogpunt gesien, is dit eerstens baie bemoedigend om te rapporteer dat marktoestande in 2010, alhoewel nie naastenby so hoog soos dié wat in 2008 ervaar is nie, nogtans aanmerklik beter was as dié in 2009. Dit word bewys deur die feit dat die 2010- tonnemaat timmerhout van 15.3 m, waarop BSA sy lede vir heffing aangeslaan het, nie slegs ongeveer een miljoen ton (7.1%) meer is as die verkope wat in 2009 ervaar is nie, maar sowat 873 000 (6.1%) meer as die begroting van 14.4 m. Verder dui die tonnemaat timmerhout wat tot dusver gedurende 2011 aangeteken is, op 'n voortgesette verbetering in handelstoestande.

Soos gewoonlik, het BSA 'n uiters besige jaar agter die rug en talle sake, nuut en oud, is afgehandel. Van die belangrikste punte waarvan kennis geneem moet word, is:

- Bosaanplanting/Waterprobleme: 'n Gesamentlike BSA/regeringstaakspan, daargestel om bosontwikkeling te hanteer deur die verwydering van burokratiese struikelblokke, maak tog vordering in hierdie verband, alhoewel dit stadig gebeur. As deel van die proses het BSA 'n voorlopige lys saamgestel van die hindernisse wat kommer veroorsaak het en aanbevelings is gedoen om dit te oorkom.
- Vervoerprobleme: In reaksie op die bedryf se groeiende kommer oor vervoerprobleme, is 'n bedryfsvervoer Komitee, onder beskerming van die BSA, gedurende die jaar op die been gebring. Sake waaraan aandag geskenk is, sluit in 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n konsessie van Transnet te bekom om die PMB klustertakke te beheer, met insette oor verskeie padverwante sake en hulp om die buitensporige vragverpligtinge wat aanvanklik deur die Nasionale Hawensowerheid voorgestel is, van 600% na 4.9% te verminder.
- Bosbeskerming: Gedurende die jaar het die Instituut vir Komersiële Bosbounavorsing, die voorlopige "Geïntegreerde Bosboubeskermingstrategie" voltooi. Die strategie, in opdrag van die departement van landbou, bosbou en visserye en befonds deur die FAO, sal beteken dat daar vir die eerste keer in die sektor 'n strategie bestaan wat aandag sal skenk aan die vele risiko's soos peste, siektes

en baie belangrik, ook vuur. Nog 'n ontwikkeling wat van die uiterste belang vir die bedryf is, is die voltooiing gedurende die jaar van die FABI biologiese beheerfasiliteit wat die bedryf onder andere, van die biologiese beheeragente sal voorsien wat nodig is om peste en siektebedreigings hok te slaan. 'n Nuwe 3-jaar projek, wat veral fokus op "diere wat skade aanrig", is ook geloods.

- Internasionale samewerking: In Februarie 2011 was BSA die gasheer vir die jaarvergadering in Durban van die VN se Voedsel en Landbou Organisasie (FAO) se advieskomitee oor papier- en houtprodukte.
- Nasionale Sertifiseringstandaard: BSA speel steeds 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van die aanduiders en standaarde vir FSC-sertifisering, wat aangepas is by plaaslike toestande en byna afgehandel is.
- FP&M SETA: Op 1 April 2011 is die nuwe Veselprosessering en Vervaardiging SETA op die been gebring. Die nuwe SETA is 'n samestelling van die ou Bosboubedryf se hele Onderwys en Opleidingsowerheid en Klerasie, Tekstiel, Skoen en Leer SETAs, asook die Publikasie, Verpakking en Drukkerkomponente van die eertydse MAPPP SETA. Die bedryf verwelkom hierdie verwikkeling (waarvoor daar druk uitgeoefen is), omdat dit die bedryf steeds 'n mate van seggenskap sal gee in die SETA-werksaamhede en die besteding van geld.

Bogenoemde is slegs 'n uittreksel uit BSA se werksaamhede vir die jaar. Volle besonderhede kan verkry word in die Jaarverslag van BSA.

Nasionale Wolkwekersvereniging (KZN)

deur Hendrik Botha voorsitter NWKV KZN en Bom Louw produksie-adviseur NWKV

Die NWKV in KZN het in Februarie 2011 ses streeksvergaderings gehou. Die vergaderings, wat by Paulpietersburg, Dundee, Bergville, Cedara, Underberg en Kokstad gehou is, was 'n gesamentlike poging deur die NWKV en die RPO. Dit is goed bygewoon deur 226 mense, waarvan 139 boere was, wat entoesiasies deelgeneem het. Die bywoningsgetalle en die gees waarin die vergaderings gehou is, dui daarop dat die vennootskap 'n sukses is en dat dit die norm moet word. Alhoewel bywoning nie veel hoër as met verlede jaar se drie vergaderings was nie, is uiteenlopende boere bereik. Die formaat vir volgende jaar, sal by hulle mid-jaar vergaderings deur die bestuur van die NWKV en die RPO bespreek word.

'n Bygewerkte handleiding met algemene inligting oor wolskaapboerdery en RPO-verwante inligting, was by die vergaderings beskikbaar. Weens behoeftes wat by die streeksvergaderings uitgespreek is, word kort kursusse in skaaphantering, stukwol, KI van skape, omheining, basiese dieregesondheid, finansiële bestuur, aangeplante weiding en wolklassering vir die tweede helfte van 2011 beplan.

Die NWKV het by die Royal Skou deelgeneem en hulle stalletjie het weer 'n goue medalje ontvang. Daar was weer modelle wat die klere wat te koop aangebied word, vertoon het en meer as 3 000 mense het die skeerdemonstrasies bygewoon.

Die twee Voorligtingsbeamptes van die KZN Departement van Landbou, wat aan die NWKV gesekondeer is om te help met wolskaapvoorligting in die Umzimkhulu en Nquthu-gebiede, het stadig maar seker met hulle werksaamhede begin. Elkeen van hulle het 'n kongres gehou wat goed bygewoon is en albei het kursusse in besigheidsbestuur deurloop vir die bestuur van die onderskeie werkplekke of georganiseerde groepe. Twee boerderyvertegenwoordigers uit elke gebied het ook in Junie 2011 die Nasionale Kongres in Port Elizabeth bygewoon. Projekte wat uit hierdie vennootskap moet voortspruit, is die ramprojek, die oprigting van skuurstore en deeglike wolbemarking.

Ekonomiese studiegroepe in KZN toon stadige groei. Die studiegroepe by Utrecht en Lüneburg is die aktiefste, met tien lede elk.

Vanjaar was KZN voorbereid op die uitbraak van Slenkdalkoors, maar die Bek-en-Klouseeruitbraak in Noord-KZN het die wolbedryf op hol gehad.

Die wolprys is op sy hoogste vlak ooit en met die markaanduider na aan R100/kg skoonwol en lam wat meer as R50/kg behaal, is die wolbedryf op 'n totale hoogtepunt.



Boshoff Davel het uitgetree na baie jare uitstaande diens, provinsiaal en nasionaal, aan die wol bedryf.

KZ-NPI

deur Lorraine Giles

Vakleerlingskappe

Die vakleerlingskap waarvan in die vorige verslag melding gemaak is, is aan die einde van Augustus 2010 suksesvol en volgens skedule voltooi. Die borge van die projek, Rainbow Chicken Farms, het van die vakleerlinge in diens geneem.

Geen vakleerlingskap is vir 2011 aangebied nie, as gevolg van die projek wat onderneem is op versoek van die KZN departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme. Hierdie projek omvat 'n vyfdag-kursus by die Instituut, wat deur 400 koöperasielede uit elf distrikte regdeur die provinsie bygewoon moet word. Dit sal opgevolg word deur vier onderrigbesoeke deur KZN-PI-personeel aan die koöperasies. Die projek sal in Desember 2011 ten einde loop.

Kort kursusse

Die basiese kort kursus oor produksie wat vir 'n aantal jaar deur die Instituut aangebied is, is weer deur die loop van vanjaar op NCF vlak 3 aangebied. Navrae ten opsigte van hierdie kursus is van so ver as Namibië en Botswana ontvang en van die mense het die reis aangepak en dit bygewoon. Die reeks kursusse wat aangebied is, is vanjaar aangevul met 'n kort kursus in broeibestuur en 'n kursus in spesifiek kommersiële lê-henbestuur is ook aangebied. Kursusse in abattoirwerk en finansiële bestuur word tans ontwikkel en sal by die repertoire gevoeg word.

Ander kursusse

Op versoek van die KZN Kantoor oor die Status van Vroue, het die Instituut opleiding in hoenderproduksie in dorpe in die Entabamhlophe-gebied verskaf. In 2010 is die kursus in samewerking met SAPA, in drie provinsies aangebied en KZ-NPI spreek opnuut sy dank uit teenoor SAPA vir die geleentheid daartoe, asook vir die steun wat uit die bedryf ontvang is.

KZN Varkprodusenteorganisasie

deur Barry Gibbs

Ek wil myself nie elke jaar herhaal nie, maar ons is deur nog 'n moeilike jaar waarin ek aanhou glo het dinge sal verander ... en toe kom FMD in KZN. Dit was ramps-poedig vir ons mark want ons grense is gesluit, wat beteken het dat alle uitvoervarke op ons markte beland het. Met ons insetkoste wat heeltyd boontoe neig, lyk die prentjie vir die voorsienbare toekoms nie goed nie.

Vanjaar se promosies het op demonstrasies in winkels gekonsentreer want dit is waar dit die meeste impak het. Ons het die aantal demonstrasies sowel as die winkels wat ons bedien, vermeerder en dit het van die swart gebiede ingesluit.

Op sigself het dit hoogtepunte en laagtepunte ingesluit maar ons vorder goed. Die Goeie Kos en Wyn Skou 2010, asook die Tuinskou, was 'n groot sukses. Vanjaar se Royal Skou was die beste ooit.

Invoere kom steeds teen 'n hoë tempo die land binne, teen pryse wat moeilik geklop kan word. Brasilië is nog gesluit as gevolg van hulle gesondheidstatus. Invoere word verhoed uit lande met 'n swak gesondheidstatus. Dit word uitsluitlik gedoen om ons bedryf te beskerm.

Sonder behoorlike kennisgewing van Crafcor, moes ons verneem dat 'n beperking op die gewig van sôe geplaas is. Sôe wat meer as 'n bepaalde gewig weeg sal voortaan nie meer by Cato Ridge geslag word nie. Sôe word slegs een dag per week by Baynesfield geslag.

Dit gaan goed met KZN VPO se geldsake en daarvoor is ons die boere dank verskuldig. Die oorgrote meerderheid van heffings wat ontvang word, word aan die bevordering van ons bedryf bestee.

Baynesfield Opleidingsakademie het uiteindelik tot stand gekom as 'n gesamentlike onderneming tussen SAPPO en Baynesfield Estate. Ons sal 'n kwartaalbrief inligtingsbrief uitstuur om lede op hoogte van die vordering en die kursusse wat aangebied word, te hou.

'n Spesiale woord van dank aan Robin Barnsley, Kwanalu se president en al sy personeel.

Ten spyte van die ekonomiese situasie, kyk ons terug op 'n baie suksesvolle jaar en daarvoor bedank ek my komitee vir al hulle ondersteuning en insette. Daarby wil ek graag baie dankie sê aan Sally Wilson, Heather Cullinan en Hayley Jackson vir al hulle harde werk gedurende die afgelope jaar.

KZN Melkprodusenteorganisasie

deur Tom Turner

Die afgelope 12 maande was 'n moeilike tyd vir die suiwelbedryf in KZN. Dit is as gevolg van: 'n daling in die produsenteprys sedert 2007, beduidende verhogings in internasionale kommoditeits- en energiepryse in die eerste kwartaal van 2011, strenger toevoer-voorwaardes in die vorm van verwerkerskwota's en verhoogde regerings-romp-slomp, asook beperkende beleid. Ook kommerwekkend is 'n dalende 'produsente-aandeel' in die 'verbruikersrand', wat vererger is deur kleinhandelsdominansie en 'n uiters prys-sensitiewe hiper-mededingende kleinhandelsomgewing. Onderhandelde bio-sekureit as gevolg van die klaarblyklike ineenstorting van regeringsondersteuningstelsels, soos gesien in die onlangse FMD-voorval in Noord-KwaZulu-Natal, is 'n bron van groot kommer vir alle melkboere.

Vir die volgende 12 maande is boerderywingsgewendheid in KZN van die allergrootste belang, veral ten opsigte van twee punte: (1) produsente se onvermoë om verhogings in insetkoste van die mark te verhaal (2) strenger kwota-vereistes wat deur verwerkers ingestel word, noodsaak 'n fundamentele verandering aan die produksiestelsels op sommige plase en beperkings op 'onvoorwaardelike' groei op alle plase.

MPO Nasionaal voorsien steeds: markbeskerming deur sy Agri Inspec Afdeling, wat alle invoere na Suid-Afrika monitor, doeltreffende drukuitoefening saam met die regering op alle regulasies, beleid en ondersteuningsdienste wat invloed op ons bedryf uitoefen, toesig en beheer oor alle SA suiwelbedryf-inligting, tegniese en opleidingsteun vir lede in die streke, insette in die genetiese bevordering van suiwel en laastens, die MPO het sitting op die Internasionale Boerderyvergelykingsnetwerk (IFCN) om die internasionale mededingendheid van plaaslike produsente te bepaal.

Hier in KZN het die MPO 'n samewerkingsooreenkoms met die departement van landbou onderteken om te verseker dat standaarde in staatsveeartsenykundige laboratoriums, grondontledingslaboratoriums en voorligtingsdienste, gehandhaaf en verbeter word. Ons werk ook met die departement saam ten opsigte van die implementering van 'n navorsingsprogram tot voordeel van kommersiële melkboere en ons help met die implementering van bestaande en toekomstige transformasieprojekte. Ons vergader jaarliks met sleutel-kleinhandelaars in KZN om sake van gemeenskaplike belang te bespreek, soos: die onvermoë van produsente om inflasionêre stygings in insetkoste op die mark te herwin, lang- en korttermyn toevoerverwaardes, markneigings en die invoer van gesubsidieerde suiwelprodukte. Ons het steeds die Nasionale Skool Melkdag ondersteun met suksesvolle besoeke aan drie skole.

Gedurende hierdie tydperk, het MPO KZN hulle fundamentele benadering, met twee elemente naamlik mense en dialoog as middelpunt, voortgesit. Ons het eerstens hard gewerk om dialoog met ons lede te verbeter deur ondervraging van lede en bywerking van ons lede-databasis, die verbetering van ons kommunikasie met lede deur middel van ons maandelikse Dairy Mail publikasie, weeklikse nuusbrieff per e-pos en jaarlikse padveldtog na ons elf takke regdeur KZN. Deur betrokkenheid by ons lede-basis, het ons ywerig gewerk om die regte leiers vir die takke te kies, wat op hulle beurt die provinsiale en nasionale leiersposte vul.

Vir MPO KZN lyk medium- tot langtermynvooruitsigte bemoedigend, met dien verstande dat produsente hulle aandeel in die waarde-ketting moet kan handhaaf. Internasionale suiwel-kommoditeitspryse het die afgelope ses maande dramaties verbeter en die Suid-Afrikaanse produsenteprys is nou aansienlik laer as invoerpariteit. Dit maak invoer onaantreklik en hou uitvoermarkte lewendig. Veral sub-Sahara-markte toon sterk groei en Suid-Afrikaanse produsente en verwerkers is goed geposisioneer om aan die vraag te voldoen. Die 'melk-tot-voer-prys-' verhouding het in 'n negatiewe gebied inbeweeg, histories word die toevoer hierdeur onderdruk en het dit verbeterde produsentepryse tot gevolg. Laastens verteenwoordig die Suid-Afrikaanse per kapita-verbruik die helfte van die internasionale gemiddeld, wat baie goeie vooruitsigte vir langtermyn, volhoubare groei inhou.

Robin Barnsley maak kennis met opkomende boere by die Jeugskou



KZN RPO

deur Hendrik Botha

Ten spyte van die moeilike ekonomiese klimaat en verskeie negatiewe aspekte, soos onafgehandelde grondhervormingsbeleid, negatiewe politieke uitsprake, toenemende veediefstal, ens. – bevind rooivleis hom in 'n opwaartse prysneiging, wat die bedryf selfvertroue gee om kuddegetalle in KZN te verhoog.

Die aantal beeste wat geslag is, het met 9% toegeneem, terwyl geslagte skaapgetalle die afgelope jaar met 15% toegeneem het. Na verwagting sal pryse en aanvraag verder verbeter.

Die uitbraak van Bek-en-Klouseer in Noord-KZN, het groot finansiële verliese vir baie produsente, veral in Noord-KZN, meegebring. Dit het die kommer oor dieregesondheidsbestuur in SA bevestig. Ons vertrou dat positiewe lesse uit die uitbraak geleer is – die situasie het verleentheid veroorsaak met betrekking tot die bestuur van dieregesondheid in SA. SA is sy BKS-vrye status vir die uitvoer van diere kwynt en verskeie diereprodukte sal 'n negatiewe konnotasie hou sover dit die toevoeging van waarde vir produsente aangaan.

Die Raad en Nasionale RPO handhaaf steeds noue skakeling met produsente in die gebiede wat geraak word en daar is gereelde kommunikasie op provinsiale en nasionale vlak oor al die probleme rondom Bek-en-Klouseer.

Streksvergaderings ('n gesamentlike onderneming tussen RPO en NWKV) is gedurende Februarie 2011 gehou in Paulpietersburg, Dundee, Bergville, Cedara, Underberg en Kokstad. Alhoewel dit goed bygewoon is, is daar tog ruimte vir verbetering. Ons vertrou produsente het ons kongres, wat op 8 September 2010 gehou is, positief en betekenisvol gevind.

Die Raad van KZN RPO het 'n aantal werksaamhede vir die jaar in die voortuitsig gestel. Die kwartaalike Rooivleistydskrif, die mondstuk van die produsente in KZN en SA, is aan 1 230 lede in KZN gestuur. Verteenwoordigers van die Raad het baie boereverenigings toegesprek aangaande die beplanning en werk wat namens hulle gedoen word, asook die noodsaak om by KZN RPO aan te sluit. Alhoewel finansiële groei van 40% die afgelope jaar bereik is, is daar steeds produsente wat nie vrywillige heffings by veilingspunte betaal nie. Die Raad skenk voortdurend aandag hieraan. Kommunikasie na en van produsente bly steeds hoog op ons agenda.

KZN RPO se prioriteite bly steeds:

1. Die doeltreffende insameling van vrywillige heffings op boereverenigingvlak, sowel as met privaat transaksies, by slagpale en by voerkrale.
2. Voortgesette onderlinge kommunikasie tussen KZN RPO en produsente.
3. Meer doelgerigte beplanning in samewerking met produsente en ander rolspelers met betrekking tot veediefstal en die beheer van probleemdiere.
4. Doeltreffende administrasie en bestuur.

Die Raad van hierdie organisasie het namens sy lede verantwoordelikheid aanvaar om KZN RPO as 'n model kommoditeit te herbou en ons is goed op pad daarheen. KZN RPO vertrou dat produsente hulle verantwoordelikheid sal erken en deel sal wees van 'n trotse organisasie.

Hluhluwe Queen Pynappels

deur Pieter de Jager

Finansies

Gedurende die jaar het pryse geweldig gefluktueer met uiters goeie pryse wat weer deur swak pryse gevolg is. Die natuurtoestande het 'n groot rol hier gespeel met die droogte van verlede jaar wat produksie geweldig ingekort het, wat tot rekordpryse op die mark gelei het. Alhoewel die pryse hoog was, het die geweldige afname in produksie steeds beteken dat die omset per hektaar gemiddeld was. Hiermee tesame het die swak verbruikersaanvraag weer sekere tye pryse afgedruk en vir sommige maande was die gemiddelde markprys ver onder produksiekoste.

Bemarkingsdag

Gedurende September is daar weereens 'n gesamentlike dag gehou waar plaaslike en uitvoer bemarkingstatistiek bespreek

was. Die PSG ekonoom, mnr. Dawie Roodt, was die hoofspreek en het 'n baie goeie lesing oor die huidige en verwagte ekonomiese toestande gegee. Hierdie jaar was die eerste jaar dat ons self die statistiek voorberei en aangebied het. Die veranderde formaat is baie goed ontvang en die terugvoer was baie positief. Ongelukkig is die dag weens verskeie redes swak bygewoon deur veral die agente en ons sal spesiaal hieraan moet aandag gee om die relevansie van die geleentheid te behou.

Reklamepogings

Alhoewel geen amptelike reklamepogings gedurende die jaar geloods is nie, was daar 'n oplewing deur die media in ons bedryf. Agri-TV het twee insette gebeeldsend op beide KykNet en SABC2 en media-berigte is in Farmers' Weekly geplaas. RSG Landbou het ook twee onderhoude oor die bedryf gevoer en die terugvoer was in alle gevalle baie positief. Ons kan verseker in die toekoms meer hiervan gebruik maak om ons produk te promoveer, aangesien dit geen koste inhou nie en 'n baie wye trefkrag het oor die hele land. Die webwerf is steeds aanlyn en die adres is ook op die meeste produsente se verpakings- materiaal aangebring.

Navorsing

Die Retain-proef wat verlede jaar so goed gedoen het, het hierdie jaar swak gevaar weens die uiterste weersomstandighede. Verdere proewe sal hierdie jaar gedoen word om die effektiwiteit verder te ontleed. Die skielike onttrekking van Temik deur Bayer het 'n geweldige leemte in die beheer van aalwurms gelaat en tans word verskeie middels ge-evalueer as alternatief. Registrasie van sulke plaasvervangers kan egter problematies en tydsaam wees. Die samewerking tussen die LNR en ons bly positief, alhoewel ons steeds bekommerd is oor hulle toekomstige befondsing.

KZN Piesangvereniging

deur Quentin Elliott

Hierdie verslag verteenwoordig die gevoelens van die piesangkwekers van die suidelike streek van KZN in die Hibiskus Kus Munisipaliteit in die Ugudistrik van Suid-Afrika.

Weens verskeie aspekte het ons 'n moeilike jaar beleef, maar veral so as gevolg van die knellende droogte, wat 'n daling van 50% op droëland plase en 25% op besproeiingsplase meegebring het. Dit was as gevolg van die feit dat water teen die einde van die droogte opgeraak het vir besproeiingsdoeleindes.

Die impak van piesaangplantings in Mosambiek het groot volumes piesangs op die Suid-Afrikaanse mark meegebring en dit het gelei tot 'n daling van 5% in die prys, as 'n gemiddelde prys vir die afgelope 12 maande in berekening gebring word. Nog 'n faktor is die SADC ooreenkoms waar geen maatreëls geld vir tariewe op invoere nie, selfs al is groeitoestande en ooste vër beter as plaaslike groeitoestande.

Boere in ons omgewing bly bekommerd oor die politieke toestand en dit lei tot beperkte ontwikkeling in ons bedryf. Ons sien hoe 'n aanmerklike gedeelte piesanggrond nou vir die verbouing van makadamianeute aangewend word omdat minder arbeidsvereistes daarvoor geld en ook in afwagting van verdere negatiewe wetgewing rondom die arbeidsmark.

Ons winter was deurgaans koud en dit het stadige groei gedurende die wintermaande beteken. Ter samevatting kan gesê word dat die jaar vol uitdagings was en ons hoop dat weerstoestande weer na normaal sal terugkeer. Ons hoop ook op 'n afplating van piesaangplantings in Mosambiek. Hopelik sal daar stabiliteit in die politieke- en arbeidsarene kom.